higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

INTERIEURSTYLE EN -STUDIES N6

8 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar:✓ Dit is gekenmerk deur ’n subjektiewe benadering tot skilderwerk aangesien kunstenaar emosie eerder as realisme in hulle werk ontlok het.✓

1.2 Onwaar:✓ Hierdie styl is gekenmerk deur ’n klem op formele struktuur en die vermindering van natuurlike vorms tot hulle geometriese ekwivalente.✓

1.3 Onwaar:✓ Dit is ’n kunsvorm gebaseer op moderne volkskultuur en die massamedia, veral as kritiese of ironiese kommentaar op tradisionele skone-kuns waardes.✓

1.4 Waar:✓ Sy hoofoogmerk was ’n radikale konsep om die materiële wêreld te herbedink om die eenheid van alle kunste te weerspieël.✓

1.5 Waar:✓ 'Die Styl', ook bekend as Neoplastisisme, was ’n Nederlandse kunsbeweging wat in 1917 in Leiden begin is.✓

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 2

2.1 ’n Boumetode✓ om songedroogde stene✓ en pleister✓ te pak deur modder te gebruik✓

2.2 Gemaak van rysstrooi ✓ wat gewoonlik 90 × 180 cm groot is;✓ dit word gebruik om vloere van kamers te bedek wat geskep is om die matte te akkommodeer,✓ bv. ’n ses-mat kamer✓

2.3 ’n Reeks Indiese tekstiele ✓ van Rajasthan✓ wat uit klein stukkies spieëlglas bestaan ✓ wat in naaldwerkmotiewe geplaas word✓

2.4 Gekenmerk deur die gebruik van plaaslike materiale ✓ en kennis,✓ gewoonlik sonder die toesig van professionele argitekte✓ en tipies eenvoudig en prakties, hetsy residensiële huise of geboue vir ander doeleindes✓

2.5 Verwys na ten minste twee groepe mense,✓ hulle kultuur✓ en argitektuur,✓ naamlik dié met gemengde Indiese en Britse (spesifiek Engelse) voorgeslag✓ en mense van Britse/Engelse afkoms wat in Indië gebore is of daar woon✓

(5 × 4) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 H
3.2 J
3.3 A
3.4 G
3.5 I
3.6 B
3.7 F
3.8 C
3.9 E
3.10 D

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Art Nouveau is gekenmerk deur die gebruik van lang, kronkelende,✓ organiese lyne✓ en is mees dikwels in argitektuur, interieure ontwerp, juweliersware en glasontwerp, plakkate en illustrasie gebruik.✓ Dit was ’n doelbewuste poging om ’n nuwe styl te skep✓ wat vry was van die nabootsende historisisme✓ wat die grootste deel van die 19de-eeuse kuns en ontwerp oorheers het. Dit kan beskryf word as ’n kronkelende asimmetriese lyn,✓ wat dikwels die vorm van blomstingels en -knoppe,✓ druiweranke,✓ insekvlerkies✓ en ander delikate en kronkelende natuurlike voorwerpe aanneem.✓ Die lyn kan elegant✓ en grasieus wees of deurdrenk✓ van ’n sterk ritmiese ✓ en sweepslag krag.✓ Die argitektuur toon veral hierdie sintese van ornament en struktuur;✓ ’n liberale kombinasie van materiale ✓ soos ysterwerk, glas, keramiek en klipwerk is gebruik,✓ byvoorbeeld in die skepping van ’n verenigde interieur waarin pilare en balke ✓ dik druiwestamme met krullende ranke word ✓ en vensters beide openings vir lig en lug✓ en vliesagtige uitgroeisels van die organiese geheel word.✓ Hierdie benadering was in direkte teenstelling met die tradisionele argitektoniese waardes van rede en helderheid van struktuur.✓ Voorbeelde: Anton Gaudi se Casa Milà Barcelona (1906–1910), Parys se metrostasie, Abdisse deur Hector Guimard (1900); Litografie deur Alphonse Mucha (1897); Lamp deur Louis Comfort Tiffany (1900–1910); Muurkabinet deur Louis Majorelle; Interieur van Hôtel Tassel deur Victor Horta.✓ (20)

4.2 Die kamer was die werk van Morris and Co.✓ met vensters deur Edward Burne-Jones,✓ ’n kunstenaar en nabye vriend van William Morris,✓ en Philip Webb, die argitek.✓ Hierdie kamer is by die Victoria & Albert Museum.✓ Dit het ’n donker, introspektiewe kleurskema.✓ Die geverfde muurpanele het ’n goue agtergrond en botaniese ontwerpe.✓ Die engelfigure toon aan ons hoe om nuttig en werksaam te wees terwyl ons mantels mooi en skoon bly.✓ Daar is brandskildervensters ✓ en paneelfigure deur Burne-Jones, panele met takke vol vrugte of blomme deur Morris✓ en olyftakke en ’n fries deur Philip Webb.✓ Die St. James opdrag het bestaan uit dekoratiewe skemas vir die Arsenaal- en Tapesseriekamer ✓ en sluit panele van gestileerde blompatrone in wat op plafonne, kroonlyste, dado’s, vensters en deure geskilder is.✓ (10)

4.3 Daar was ’n bevolkingsverskuiwing van mens van landelike landbou na werk in fabrieke in stede.✓ Dit het die massaproduksie van goedere moontlik gemaak,✓ doeltreffendheid verhoog, gemiddelde koste verlaag en meer kon geproduseer word.✓ Stoomkrag is meer gebruik,✓ bv. stoomtreine, spoorweë en stoom-aangedrewe masjiene.✓ Industriële en wetenskaplike ontdekkings ✓ het ’n rewolusie in ons begrip van die materiële wêreld veroorsaak.✓ Dit het nuwe geboue soos pakhuise, spoorwegstasies en brûe moontlik gemaak. Nuwe materiale soos yster ✓ en glas✓ is gebruik. (10)

[40]

VRAAG 5

5.1 Sy teorie verklaar dat ’n gebou van binne af moet groei,✓ en deel van die landskap moet word.✓ Hy glo argitektuur moet opbeurend wees,✓ en meer as die behoeftes na gemak en skuiling word.✓ Hy het ’n oop-plan konsep gebruik,✓ en weggebreek van afgeslote interieure ruimtes.✓ Hy het natuurlike kleur in die pleisterwerk gebruik.✓ Hy het hoofsaaklik beton ✓ en kalksteen as konstruksiemateriaal gebruik.✓ Die kleurpalet is beperk tot ligte oker op die beton,✓ natuurlike kalksteen ✓ en Cherokee-rooi vir staal.✓ Die huis het ’n gewaagde konstruksie oor ’n waterval.✓ Dit het mense, ✓ argitektuur en die natuur geïntegreer sodat elk deur die verhouding verbeter sou word.✓ Fallingwater groei dus uit die perseel se rotsagtige landskap.✓ Sy betonterrasse sweef bo die waterval,✓ wat aandag na die water trek terwyl sy ruimte gerespekteer word.✓ Hulle horisontale vorms ✓ en oker kleur herhaal en beklemtoon die rotse daaronder.✓ Alhoewel dit lyk of die terrasse sweef, is hulle in werklikheid geanker ✓ aan die huis se sentrale klipskoorsteen ✓ deur vrydraende balke te gebruik.✓ (20)

5.2 5.2.1 Analitiese Kubistiese skilderye toon die uitmekaar haal✓ of ontleding van vorm.✓ Picasso en Braque het reghoekige ✓ en reguit-lyn konstruksie verkies,✓ alhoewel sommige areas van hulle skilderye soos beeldhouwerk voorkom,✓ soos gesien kan word in Picasso se *Girl with a mandolin* (1910).✓ Hulle het hulle kleurskemas tot ’n byna monochromatiese skaal vereenvoudig✓ (skakerings van taan, bruin, grys, room, groen of blou is verkies)✓ om nie die waarnemer se aandag van die kunstenaar se primêre oogmerk, die struktuur van vorm self af te lei nie.✓ Die monochromatiese kleurskema was gepas vir die aanbieding van komplekse,✓ veelvoudige sieninge van die voorwerp,✓ wat verminder is na oorvleuelende ondeursigtige✓ en deursigtige vlakke.✓ Hierdie vlakke het op die oog af verby die oppervlak van die skilderdoek beweeg eerder as om uit die oog te verdwyn.✓ Die vorms is oor die algemeen kompak en dig.✓ Die motiewe was musiekinstrumente, bottels, kruike, glase, koerante en die menslike gesig en figuur.✓ (5)

5.2.2 Werke van hierdie fase beklemtoon die kombinasie ✓ of sintese van vorms in die prent.✓ Kleur speel 'n sterk rol in hierdie werke;✓ terwyl vorms gefragmenteer en plat bly,✓ is groter en meer dekoratief.✓ Gladde en growwe oppervlakke kan met mekaar gekontrasteer word ✓ en vreemde materiale,✓ soos koerante of tabakomhulsels,✓ is in kombinasie met geskilderde dele✓op die skilderdoek geplak.✓ Hierdie tegniek, bekend collage,✓ het verder die verskille in tekstuur beklemtoon ✓ en terselfdertyd die vraag gestel: Wat is realiteit en wat is illusie?✓ (5)

[30]

VRAAG 6

6.1 6.1.1 Hy het in eklektisisme geglo ✓ wat vrylik inspirasie uit 'n verskeidenheid bronne kry, soos historiese ontwerpstyle✓ en volkskultuur ✓ insluitend kontemporêre kommersiële argitektuur en reklame.✓ Hy was gekant teen die Modernistiese tendens om geboue as enkel voorwerpe te beskou sonder enige oorweging vir hulle omgewings.✓ Venturi het geredeneer dat 'n gebou betekenis uit sy konteks kry ✓ en verskillende kontekste verlang verskillende vorms van argitektoniese uitdrukking.✓ Hy het eerder geredeneer dat argitektuur veranderende tye en sosiale behoeftes moet weerspieël.✓
Die wêreld van ontwerp, het hy gesê, was te lank in die greep van die dogma dat argitekte goddelike skeppers wat hulle visie op die landskap kon afdwing.✓ Venturi het 'n mense-eerste argitektuur✓ voorgestaan wat ontleen word aan plaaslike gebruike, geskiedenis, volksgeboue✓ en populêre smaak insluitende swak smaak.✓ Hy het die vader van post-modernisme geword.✓ (10)

6.1.2 Sy invloed was so groot, dit word nou beskou as die eerste post-moderne gebou.✓ Dit het ornament in die ontwerp ingesluit,✓ deur weer elemente wat tradisioneel met huise geassosieer word te gebruik. ✓ Die fasade van die Vanna Venturi House (1959–65)✓ het 'n hand vol basiese argitektoniese elemente gekombineer, in hierdie geval 'n gewel, deur, vensters en skoorsteen,✓ wat die vorms in 'n eenvoudige, uitnodigende ontwerp rangskik wat sigbaar modern is, maar ook 'n sterk genoeg uitdrukking van tradisionele idees van 'n huis is.✓ Die huis het 'n staandak ✓ met 'n oorgrote skoorsteen ✓ en 'n monumentale gewel.✓ Die gewel het 'n vertikale opening in die middel✓ en is geleë aan die lang eerder as die kort kant van die gebou,✓ wat sy skaal heeltemal verwring.✓ Daar is ook geen bypassende gewel aan die agterkant nie.✓ Die element is suiwer dekoratief.✓ 'n Vierkantige opening skep 'n beskutte deuropening in die middel van die fasade,✓ maar die deur is aan die een kant.✓ Daar is ook 'n boog wat geen doel dien nie.✓ (10)

6.2 ’n Mens sal die interieur karakteriseer deur die gebruik van ’n oorvloed glas,✓ metaal,✓ plastiek✓ en media-/rekenaartoestelle.✓ Die interieur moet Minimalisme✓ en rasionaliteit gebruik.✓ Kleurskemas moet koud ✓ en lig✓ wees. ’n Mens moet fokus op die gebruik van reguit lyne ✓ en hoeke.✓ Die ruimte moet ’n oop uitleg wees ✓ met ’n tekort aan ornamente✓ en blommotiewe✓. Beton moet ook ’n prominente materiaal wees.✓ ’n Mens moet die dienste ✓ insluitende die pype,✓ kleppe✓ en luggange in die interieur vertoon.✓ Afwerkings moet metaalkleure ✓ en afwerkings met glans✓ gebruik. Daar moet ’n verskeidenheid verligting✓ soos LED en skuilverligting.✓ Gebruik die jongste tegnologie.✓ Jy kan blou vir sirkulerende lug (lugreëling),✓ geel vir sirkulerende elektrisiteit,✓ groen vir sirkulerende water✓ en rooi vir sirkulerende mense (roltrappe en hysbakke) gebruik.✓ (10)

[30]

VRAAG 7

7.1 Die interieur van die slaapkamer moet simmetrie,✓ verhouding✓ en reguit kante hê. ✓ ’n Mens kan aardse kleure gebruik ✓ en met eenvoudige geometriese vorms versier.✓ Aksente kan in helder kleure gedoen word.✓ Verskeie kleure (bloue, rooie, groene en gele) kan gebruik word.✓ Tradisioneel kan gedempte aardse kleure, gemaak van gemaalde oker en verskillende natuurlik-gekleurde klei in wit, bruine, pienk en gele gebruik word.✓ Daar is gestileerde verteenwoordigende vorms.✓ Matte✓ met geometriese vorms en kleur kan gebruik word.✓ Kralewerk✓ kan in die materiaal ingesluit word.✓ (10)

7.2 Afrika-argitektuur gebruik ’n groot verskeidenheid materiale, insluitend dekriet,✓ stokkies/hout,✓ modder,✓ modderstene,✓ vasgestampte grond✓ en klip.✓ Hierdie materiaalvoorkeure wissel per streek:✓ Noord-Afrika✓ vir klip en vasgestampte grond,✓ die Horing van Afrika ✓ vir klip en dagha,✓ Wes-Afrika✓ vir modder/rousteen,✓ Sentraal Afrika✓ vir dekriet/hout✓ en meer bederfbare materiale,✓ Suidoos✓ en Suidelike Afrika ✓ vir klip en dekriet/hout.✓ Afrika-argitektuur weerspieël die interaksie van omgewingsfaktore,✓ soos natuurlike hulpbronne,✓ klimaat✓ en plantegroei ✓ met die ekonomieë en bevolkingsdigtheid van die kontinent se onderskeie streke. Die nomadiese mense het tente van diervelle ✓ en geweefde haar vir skuiling gebruik.✓ Aangesien klip die duursaamste boumateriaal is,✓ het sommige antieke klipstrukture behoue gebly,✓ terwyl ander materiale deur reën, verrotting of termiete verwoes is.✓ (20)

Kopiereg voorbehou

7.3 **Japannees**

Hout✓ was tradisioneel die boumateriaal van voorkeur in Japannese argitektuur. Dit is nie geverf nie en in sy natuurlike vorm gelos sodat die grein waardeer kan word.✓ Beweegbare skerms (shoji)✓ en skuifdeure (fusuma)✓ is in vele ou Japannese huise gebruik. Die skerms is tipies van papier gemaak sodat lig en skaduwees daardeur gesien kan word.✓ Ouer Japannese huise sal gewoonlik 'n houtstoep hê ✓ (wat 'n engawa genoem word) wat rondom die hele huis is.✓ Konneksie met die natuur was nog altyd 'n belangrike kenmerk van Japannese argitektuur.✓ Dit kan toegeskryf word aan Japan se Shinto✓ en Boeddhistiese oortuigings, wat 'n beduidende invloed op sy argitektuur gehad het.✓ Dit kan duidelik gesien word in die fokus op natuurlike lig✓ en die gebruik van onverwerkte hout as 'n boumateriaal, binne en buite.✓

Anglo-Indiaans

Indo-Saraseens,✓ ook bekend as Indo-Goties,✓ Mughal-Goties✓ en voorheen Hindoo-styl,✓ was 'n herlewings- argitektoniese styl✓ wat meestal deur Britse argitekte in Indië later in die 19de eeu gebruik is, veral in publieke en regeringsgeboue in die Britse Raj✓ en die paleise van heersers van die prinsdomme.✓ Die basiese uitleg en struktuur van die geboue is geneig om naby verwant te wees aan dit wat in kontemporêre geboue in ander style gebruik is,✓ soos Gotiese herlewing✓ en Neo-Klassiek✓ met spesifieke Indiese kenmerke✓ en versiering bygevoeg.✓ Die argitekte het Islamitiese✓ en Europese elemente van verskeie areas en tydperke vermeng met opvallendheid,✓ in die heersende klimaat van eklektisisme✓ in argitektuur. (20)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou